**GRAAD 12 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONLE TAAL VRAESTELLE VIR HERSIENING**

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**TEKS 1**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

# KLEIN HATICE MAAK GROOT NAAM

**Een-en-twintig jaar lank het haar maats haar gespot, maar nou het die wiel vir die wêreld se kortste vroutjie gedraai.**

*Die 21-jarige Hatice en haar kat*



[Uit: www.google.com]

1 Elke skooldag was vir Hatice Kocaman, 'n dwergie van Turkye, 'n nagmerrie. Die skoolkinders het haar eindeloos oor haar lengte geterg. Selfs volwassenes het dikwels in haar teenwoordigheid grappies oor dwergies gemaak. As gevolg van Hatice se klein liggaamsbou het die skoolkinders en volwassenes haar ook soos 'n kind of iemand van die plaaslike sirkus behandel!

2 Maar die wiel het uiteindelik gedraai! Nuus oor die kort vroutjie het oor die jare versprei en toe het Kelly Garrett van *Guinness World Records* die Kocaman-gesin besoek. Hatice het skielik wêreldberoemd geword. Kort daarna het Hatice en haar ma 'n uitnodiging ontvang om Istanboel toe te gaan, waar Hatice amptelik as die kortste vrou ter wêreld aangewys is. Sy is in die wolke, want sy spog nou met 'n inskrywing in die *Guinness World Records.*

3 Die 21-jarige Hatice, wat sonder skoene net 71 sentimeter lank is, weeg minder as 'n baba van 'n jaar oud. "Ek het altyd gehoop die wêreld sal my eendag erkenning gee," sê die fyn vroutjie wat in 'n arm deel van Turkye woon. "Dit was moeilik toe ek 'n kind was, want my klasmaats het my oor my lengte gespot. Nou is ek beroemd, juis omdat ek so kort is en dit laat my sommer voel asof ek baie langer is."

4 Hatice ly aan dwergisme. Iemand wat aan dwergisme ly, is gewoonlik korter as 147 sentimeter. Hatice is nou die tweede kortste mens ter wêreld, want 'n 18-jarige seun van Nepal, Khagendra Thapa, klop haar met 4 sentimeter.

5 Noudat Hatice 'n ster is, hoop sy om die wêreld plat te reis. Sy wil ook 'n draai maak by die wêreld se langste man, die 27-jarige Sultan Kose wat haar landgenoot is. Dié hemelbesem is 2,47 meter lank en spog ook met die wêreldrekord vir die grootste hande en voete. Sy hande is 27,5 sentimeter en sy voete is 36,5 sentimeter lank.

6 Hatice aanvaar haar voorkoms. "God het my so gemaak en ek is trots daarop." Hatice was in 'n spesiale skool en kon tot nou toe nog nie werk kry nie. Sy woon by haar ouers. Haar ma sê hulle was opgewonde toe Hatice gebore is. "Hatice het by geboorte 1,64 kilogram geweeg. Ons het nie besef sy ly aan dwergisme nie."

7 Toe Hatice een jaar oud was, het haar ouers besef dat sy stadiger as ander babas gegroei het. Hatice het net soos ander kinders leer stap en praat, maar sy wou net nie groei nie. "Teen die tyd dat sy vier was, het dit gelyk asof sy opgehou groei het. Die dokters kon nie veel doen nie," vertel haar ma. Elke paar jaar het die ouers mediese toetse laat doen. Die dokters het Hatice geweeg en gemeet, maar daar was steeds nie vordering nie.

8 Hatice sukkel ook met 'n rugprobleem waarvoor sy nooit mediese hulp gekry het nie. Die Kocaman-gesin woon in 'n klein huisie en het nie 'n motor of die geld om hulp vir hul dogter te kry nie. Die dokters in hulle eie woongebied het nie die nodige kennis om haar te opereer nie.

9 Hatice wil graag dinge vir haarself doen. "Ek kan klein goedjies optel en 'n bietjie skoonmaak as ek my ma in die kombuis help," vertel sy. "Ek bly lekker saam met my gesin. Ek sal net graag sterker wil wees sodat ek meer dinge self kan doen."

10 Hatice hoop dat sy eendag iemand sal ontmoet wat vir haar lief gaan wees. Sy wil mos ook graag eendag voor die kansel staan as sy natuurlik die regte man ontmoet.

11 Regoor die wêreld word mense met dwergisme gebore. Die lewe is moeilik vir hulle. Mense staar heeltyd na hulle. Om inkopies te doen, is 'n uitdaging, want items op winkelrakke is soms te hoog. Ten spyte hiervan, probeer hulle positief bly.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Desember 2010 en http://wol.jw.org]

1.1 Waarom was elke skooldag vir Hatice 'n nagmerrie? (1)

1.2 "Selfs volwassenes het dikwels in haar teenwoordigheid grappies oor dwergies gemaak." (Paragraaf 1)

Wat kan jy hieruit oor die volwassenes aflei? (1)

1.3 Waarom is Hatice na Istanboel uitgenooi? (1)

1.4 Wat impliseer die skrywer met die woord "uiteindelik" in paragraaf 2? (1)

1.5 "Sy is in die wolke ..." (Paragraaf 2)

1.5.1 Word hierdie uitdrukking letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.5.2 Verduidelik in jou EIE woorde wat hierdie uitdrukking beteken. (1)

1.6 Waarom, dink jy, word Hatice se lengte sonder skoene gemeet? (Paragraaf 3) (1)

1.7 "... 'n 18-jarige seun van Nepal, Khagendra Thapa, klop haar met 4 sentimeter." (Paragraaf 4)

Sê IN JOU EIE WOORDE wat jy hieruit oor Khagendra se lengte kan aflei. (1)

1.8 Watter TWEE ooreenkomste is daar tussen Hatice en Sultan? (2)

1.9 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

'n "Hemelbesem" (paragraaf 5) verwys na iemand wat ...

A baie lank is.
B baie godsdienstig is.
C besems maak.
D hemel toe gaan. (1)

1.10 Noem enige TWEE wêreldrekords wat Sultan Kose hou. (2)

1.11 Hatice se ouers het van haar geboorte af geweet dat sy aan dwergisme ly.

Haal EEN SIN uit paragraaf 6 aan wat bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.12 Dink jy Hatice se ouers kon meer gedoen het om mediese hulp vir Hatice se rugprobleem te kry? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Hoekom, dink jy, sal dit vir Hatice moeilik wees om werk te kry? Lei jou antwoord uit paragraaf 9 af. (1)

1.14 Verduidelik in watter TWEE opsigte Hatice dieselfde drome vir die toekoms het as ander jongmense. (2)

1.15 Hoe word Hatice se kort lengte in die foto beklemtoon? (1)

1.16 Verwys na die titel: "KLEIN HATICE MAAK GROOT NAAM".

1.16.1 Verduidelik die uitdrukking "GROOT NAAM". (1)

1.16.2 Hoekom is die gebruik van die woorde "KLEIN" en "GROOT" in die titel funksioneel? (2)

1.17 "Regoor die wêreld word mense met dwergisme gebore." (Paragraaf 11)

Waarom, dink jy, verwys die skrywer na dwergies regoor die wêreld? (1)

1.18 Watter les wil die skrywer met hierdie leesstuk leer? (1)

**TEKS B: BESTE BESTUURDERS VOLGENS NAVORSING**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Navorsers groepeer die beste motorbestuurders in die tabelle hieronder volgens die **soort motors wat hulle bestuur**, **ouderdom**, **rookgewoontes** en **geslag**.

**Beste bestuurders** volgens die **soort motor** wat hulle bestuur


| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Hyundai | ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ | |
| 2 | Honda | ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ | |
| 3 | Opel | ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ | |
| 4 | Toyota | ★ ★ ★ ★ ★ ★ ★ | |
| 5 | Nissan | ★ ★ ★ ★ ★ ★ | NISSAN |
| 6 | Ford | ★ ★ ★ ★ ★ | Ford |
| 7 | Volks-wagen | ★ ★ ★ ★ | |
| 8 | Mercedes-Benz | ★ ★ ★ | |
| 9 | BMW | ★ ★ | BMW |
| 10 | Audi | ★ | |

**Beste bestuurders** volgens **ouderdom**

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| 60+ jaar | 36–60 jaar | 26–35 jaar | 18–25 jaar |

**Beste bestuurders** volgens:

**Rookgewoontes** | **Geslag**




[Verwerk uit: www.grafika24.com]

1.19 In die teks word die bestuurders volgens die motors waarin hulle ry, gegroepeer. Rangskik die volgende motors vanaf beste bestuurders tot swakste bestuurders:

Ford; Opel; Nissan (1)

1.20 Op watter manier dui die teks aan dat Hyundai-bestuurders die beste is? Noem TWEE maniere. (2)

1.21 Kies die veiligste bestuurder uit die volgende:

A 'n 45-jarige man wat rook en wat 'n Toyota bestuur
B 'n 62-jarige man wat rook en wat 'n Honda bestuur (1)

1.22 Wat beteken die volgende simbool **binne die konteks van die teks**?



(1)

1.23 Vrouebestuurders word gewoonlik as "swak bestuurders" gestereotipeer.

Motiveer uit die teks waarom dié stereotipering ONWAAR is. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## TEKS 2

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

# DAAR IS HOOP …



1 Toe Angela Larkan in 2009 'n naam gesoek het vir haar organisasie, wou sy iets kies wat haar doel perfek beskryf het. Daarom het sy besluit op die Zoeloe-woord "thanda", wat "liefhê" beteken.

2 Thanda, Angela se organisasie, voed en versorg VIGS-weeskinders in die armste gebiede van KwaZulu-Natal. Dié weeskinders het geen volwassenes om hulle te versorg nie.

3 Angela werk nie alleen nie. Sy het in haar beplanning seker gemaak dat sy mense uit dieselfde arm gemeenskap waarvandaan die weeskinders gekom het, aanstel om deel van haar span te wees. "In plaas van die weeskinders weg te neem uit hulle eie omgewing, word plaaslike jongmense opgelei om dié kinders elke middag na skool te versorg en te leer. Die kinders het dan iemand in hulle eie omgewing met wie hulle kan identifiseer. Die kinders leer by hierdie naskoolsentrum nuwe vaardighede," sê sy.

4 As jong meisie het dit Angela se hart gebreek toe sy gesien het dat daar straatkinders was wat op sypaadjies onder kartonne slaap, terwyl sy elke aand in haar warm bed gelê het. Sy het ook eendag in 'n koerantartikel gelees van die impak wat VIGS en armoede op kinders het. Angela het net daar besluit om 'n verskil te maak.

5 "Ek het besef Suid-Afrika se infrastruktuur kan nie al die weeskinders ondersteun nie. Ek was bekommerd oor wat van hulle sou word. Dis toe dat ek besluit het ek moes iets doen," sê Angela.

6 Aan die begin het Thanda elke dag vir die weeskinders toebroodjies gemaak. Vir baie van die weeskinders was dit die enigste ete van die dag, maar toe Angela 'n geldprys ontvang het as die wenner van die tydskrif, *Sarie*, se Dinamiese Vrou-kompetisie, het dinge verander.

7 Volgens Angela was dit beslis die moeite werd om aan dié kompetisie deel te neem. "Dit het my en my span gemotiveer om meer vir die kinders te doen. Dit het ook die hoop gegee dat daar nog hulp sal kom."

8 Sy het die R200 000 gebruik om 'n voedingsentrum met 'n groot kombuis te bou en so kon sy 'n beter voedingskema by die naskoolsentrum begin. Nou kry die kinders nie meer net toebroodjies na skool nie, maar 'n gebalanseerde ete. "Omdat dit 'n hoër voedingswaarde het, is dit baie gesond," het Angela gesê.

9 In 2014 was haar grootste doel om ook 'n biblioteek by dié sentrum te begin. Sy het hierdie doel bereik. Sy kon ongelukkig nie haar tweede groot doel – om genoeg geld in te samel om nog 50 kinders in te neem – bereik nie. Nou droom sy daarvan om genoeg geld in te samel om teen die einde van 2015 daagliks sowat 200 ekstra kinders te bereik.

10 Een van die lesse wat Angela geleer het, was hoe belangrik dit is om 'n verhouding met die mense wat sy help, te bou. Sy het aan die begin baie meer tyd in die kantoor as tussen die weeskinders deurgebring. Nadat die Thanda-biblioteek in 2014 gebou is, het sy besluit om vir 'n paar weke daar te gaan werk. Later het sy ook saam met die personeel en kinders hoenderhokke gebou. Hierdie saamwerk het haar laat besef dat sy deel van die gemeenskap is.

11 Dis nou al vyf jaar dat Thanda as organisasie die plaaslike jeug ondersteun en leer deur die naskoolsentrum, die voedingskema en die biblioteek. Angela voel trots op wat sy en haar span bereik het. "Ons is deel van die geskiedenis. Ons is ook deel van die hede wat mense weer hoop gee en ons bou so aan hulle toekoms."

12 Angela en haar span bemagtig die kinders by die sentrum en maak hulle die helde in hul eie lewens en in die gemeenskap. "Dit is wat ons anders as ander organisasies maak – ons help die kinders om hul trauma te oorkom. Ons sien hulle nie as slagoffers nie, maar as helde."

[Verwerk uit: www.sarie.com]

1.1 Uit watter taal is die woord "thanda" afkomstig? (1)

1.2 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat die doel van Angela se organisasie opsom. (1)

1.3 Waarom was dit belangrik dat Angela plaaslike jongmense gebruik het om haar te help? (1)

1.4 Dit het Angela se "hart gebreek". (Paragraaf 4)

1.4.1 Word dié woorde letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.4.2 Verduidelik in jou eie woorde wat met die woorde bedoel word. (1)

1.5 Watter verskil was daar tussen Angela se slaapplek en dié van die straatkinders? (2)

1.6 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan wat aandui dat Angela dadelik op die koerantartikel gereageer het. (Paragraaf 4) (1)

1.7 Hoekom, volgens paragraaf 5, het Angela by weeskinders betrokke geraak? (1)

1.8 Watter verskil het die geldprys wat Angela gewen het, gemaak ten opsigte van die kos wat die weeskinders gekry het? (2)

1.9 Noem TWEE positiewe gevolge wat die prysgeld op Angela se span gehad het. (Paragraaf 7) (2)

1.10 Angela het haar hele prysgeld gebruik om die weeskinders te help.

Watter TWEE karaktertrekke van Angela kan 'n mens hieruit aflei? (2)

1.11 Waarom was 2014 nie vir Angela 'n totale mislukking nie? (Paragraaf 9) (1)

1.12 Hoe, dink jy, sal Angela se biblioteek die weeskinders help? (1)

1.13 Angela se droom is om teen die einde van 2015 daagliks sowat 200 ekstra kinders te bereik. (Paragraaf 9)

Waarom sal Angela dalk nie haar droom vir 2015 bereik nie? (1)

1.14 Die kinders het geleer om hoenderhokke te bou. (Paragraaf 10)

Hoe kan die aktiwiteit die weeskinders help? (1)

1.15 Wat het Angela besef toe sy saam met die personeel en kinders gewerk het? (1)

1.16 "Ons sien hulle nie as slagoffers nie, maar as helde." (Paragraaf 12)

1.16.1 In watter opsig is hierdie kinders slagoffers? (1)

1.16.2 In watter opsig is hierdie kinders helde? (1)


1.17 Waarom is die plasing van die prent **aan die begin** van die artikel effektief? (1)

1.18 Hoekom is Angela 'n positiewe rolmodel? (1)

**TEKS B: DIE IMPAK VAN GERAAS, GEMEET IN DESIBEL**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## DIE IMPAK VAN GERAAS, GEMEET IN DESIBEL (dB)




[Verwerk uit: www.Grafika24.com]

1.19 Waarna verwys die zzz-klank in die visuele teks? (1)

1.20 Dit is nadelig om langer as 'n uur die gras met 'n grassnyer te sny. Motiveer hierdie stelling deur na die teks te verwys. (1)

1.21 Waarom is die geraas in 'n klas vol graad 1-kinders gevaarliker vir jou ore as 'n man se stem?

Verwys in jou antwoord na die graad 1-kinders EN die man. (2)

1.22 Kies die korrekte antwoord.

'n Klop aan die deur veroorsaak …

A ernstige gehoorskade.
B geen gehoorskade nie.
C meer skade as 'n Boeing.
D minder skade as 'n muskiet. (1)

1.23 Waarom is dit effektief dat die inligting in dié spesifieke volgorde van die muskiet tot die Boeing gerangskik is? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## TEKS 3

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

# WEES VERSIGTIG VIR DIE DWELMMONSTER!

1 Elvis Johnson* was 'n dwelmverslaafde. Tog het hy daarin geslaag om sy verslawing te oorwin. Hy het vier jaar lank dwelms gebruik, maar is nou al 'n jaar skoon. Hier vertel die 19-jarige Elvis sy verhaal.

2 Toe ek 'n kind was, het ek, net soos ander kinders, ook planne vir my toekoms gehad. Dit was nooit my droom om 'n dwelmverslaafde te wees wanneer ek groot is nie. Dit was definitief nie deel van my toekomsplanne nie; tog het dwelms en alkohol my drome verwoes. Ek het al op 13-jarige ouderdom begin drink. Die jaar tevore het ek begin rook. Toe ek die eerste keer op 14-jarige ouderdom dwelms gebruik het, is 'n verslaafde gebore.

3 Dit was een naweek tydens 'n partytjie toe my "beste vriend" my omgepraat het om *cat* uit te toets om my te laat ontspan. *Cat* word van methcathinone gemaak, wat 'n baie sterk stimulant is. Baie gou moes ek elke dag *cat* gebruik om goed te funksioneer. Ek kon nie meer daarsonder klaarkom nie. Saans kon ek nooit aan die slaap raak as ek nie êrens in my kamer genoeg *cat* vir die volgende dag weggesteek het nie. Die gebruik van *cat* het ook my eetlus beïnvloed. Wat begin het as "naweekpret", het in 'n leefwyse verander.

4 Soggens, voordat ek universiteit toe gery het, moes ek *cat* gebruik. As ek enigiets voor my studentevriende moes doen, soos byvoorbeeld 'n toespraak lewer, moes ek voor die tyd eers weer *cat* gebruik. Dit het my die selfvertroue gegee wat ek nooit as skoolkind gehad het nie en het my laat voel asof alles perfek is.

5 Maar dit was 'n leuen.

6 *Cat* het van my 'n eensame mens gemaak. Ek het in 'n donker wêreld geleef. Die enigste ander bewoners van hierdie geheime wêreld was ander dwelmverslaafdes. My geduldige ouers het agtergekom iets was fout en het met my daaroor probeer gesels. Ek het egter nooit teenoor hulle erken dat ek 'n dwelmprobleem het nie.

7 My ouers het my na verskillende rehabilitasiesentrums gestuur om my te help om my dwelmverslawing te oorkom. Hierdie pogings het vier keer misluk. Toe my ouers nie meer die leuens, die aggressiewe gedrag, die vloektaal en diefstal van hulle geld en ander besittings kon verduur nie, het hulle na die polisie toe gegaan. Ek is in hegtenis geneem en moes in die hof verskyn. As deel van my straf, moes ek nege maande lank na 'n rehabilitasiesentrum toe gaan. Terwyl ek daar was, het ek baie min kontak met my gesin gehad. Eers na vier maande kon my ouers 'n uur lank op 'n keer by my kom kuier.

8 Dié nege maande lange rehabilitasie was die moeilikste, maar die beste ding wat nog ooit met my gebeur het. Ek is nou weer die ou Elvis Johnson en is vasbeslote om nooit weer na my slegte gewoontes terug te keer nie.

9 As ouers die tekens van dwelmverslawing ken, kan hulle hulle kinders vroeër help. Een teken is byvoorbeeld wanneer jou verslaafde kind sê: "Ma, mag ek asseblief R200 of R250 vir 'n roomys kry?" Dit is wat dwelms kos. 'n Tweede teken is wanneer jou kind gedurig snuif en vir jou sê dat hy maar net 'n verkoue het. Jy weet egter dit is nie waar nie.

10 Dwelmverslawing lei uiteindelik na een van drie plekke: 'n rehabilitasiesentrum, die tronk of 'n lykshuis. 'n Dwelmverslaafde is nie 'n slegte mens nie. Dis 'n normale mens met ideale, maar iemand wat in 'n oogwink die verkeerde ding gedoen het. Van daardie oomblik af verander sy/haar lewe. Hoe gouer die persoon hulp kry, hoe beter. Met ondersteuning van ouers en die dwelmverslaafde se eie wilskrag is dit moontlik om te herstel.

* Nie sy regte naam nie.



[Uit: www.google.com]

[Verwerk uit www.huisgenoot.co.za]

1.1 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat daar nie meer 'n teken van dwelms in Elvis se liggaam is nie. (1)

1.2 Rangskik die volgende gebeurtenisse in Elvis se lewe in die regte volgorde. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die antwoord in die regte volgorde neer, byvoorbeeld 1.2 D, E, F.

A Hy het begin drink.
B Hy het dwelms begin gebruik.
C Hy het begin rook. (1)

1.3 Elvis het ONMIDDELLIK aan dwelms verslaaf geraak.

Haal 'n SIN uit paragraaf 2 aan om hierdie stelling te motiveer. (1)

1.4 Elvis verwys ironies na sy "beste vriend" (Paragraaf 3).

Verduidelik waarom dit ironies is. (2)

1.5 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.5) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.5 E.

Die hoofgedagte van paragraaf 3 is …

A die bestanddele van die dwelm *cat*.
B Elvis se probleme om te slaap.
C die effek van *cat* op Elvis se eetlus.
D hoe *cat* Elvis se lewe verander het. (1)

1.6 Waarom, dink jy, het Elvis sy *cat* weggesteek? (1)

1.7 Watter uitwerking het *cat* op Elvis gehad voordat hy 'n toespraak moes lewer? (1)

1.8 Hoekom bestaan paragraaf 5 net uit een sin? (1)

1.9 "Ek het in 'n **donker** wêreld geleef." (Paragraaf 6)

1.9.1 Het die woord "donker" 'n denotatiewe of konnotatiewe betekenis? (1)

1.9.2 Waarom is die gebruik van die woord "donker" funksioneel? (1)

1.9.3 Haal 'n woord uit paragraaf 6 aan wat die betekenis van die woord "donker" versterk. (1)

1.10 Verwys na paragraaf 6.

Noem EEN manier waarop Elvis se ouers hom probeer help het. (1)

1.11 "Die nege maande lange rehabilitasie was die moeilikste, maar die beste ding wat nog ooit met my gebeur het." (Paragraaf 8)

1.11.1 Waarom was dit moeilik? (1)

1.11.2 Waarom was dit die beste ding? (1)

1.12 Hoekom behoort 'n ouer agterdogtig te wees as 'n kind R200 of R250 vra om roomys te koop? (1)

1.13 Watter verskoning gee 'n dwelmverslaafde as hy/sy gedurig snuif? (1)

1.14 Waarom kan 'n dwelmverslaafde in die volgende plekke beland?

1.14.1 Rehabilitasiesentrum (1)

1.14.2 Tronk (1)

1.14.3 Lykshuis (1)

1.15 Hoekom, dink jy, verskyn die verteller se regte naam nie in die artikel nie? (1)


1.16 Oor watter sosiale probleem handel die leesstuk? (1)

1.17 Watter boodskap dra die prentjie vir jou oor? (1)

1.18 Waarteen waarsku Elvis se verhaal jongmense? (1)

**TEKS B: DEPARTEMENT VAN VERVOER SE PLAN VIR VEILIGER PAAIE**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.





[Verwerk uit www.grafika24.com]

1.19 Waar mag bestuurders die vinnigste ry? (1)

1.20 Waarom word die spoedbeperkings in dié spesifieke volgorde gerangskik? (1)

1.21 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.21 E.


Die funksie van die volgende teken in hierdie konteks is om … aan te dui.




A gevaar
B 'n ongeluk
C padwerke
D 'n padblokkade (1)

1.22 Hoe weet jy dat die Departement van Vervoer bekommerd is oor die veiligheid van skoolkinders? (1)

1.23 Waarom is die gebruik van die prentjie hieronder gepas?



(1)

1.24 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.24) en die antwoord neer.

Bestuurders moet (gereeld/selde/slegs een keer) 'n rybewystoets aflê. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## TEKS 4

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TIENERS EN SOSIALE NETWERKE



[Uit: www.google.com]

1 Ek is Shireen en ek is 'n doodgewone tiener. Sosiale netwerke en die Internet is vir my baie belangrik. My ouers raak bekommerd wanneer ek ure lank op my selfoon besig is of voor 'n rekenaarskerm sit. Ontspan Ma en Pa, dit is dalk goed vir my!

2 'n Sosiale netwerk is 'n tipe elektroniese program. Met hierdie program kan jy 'n profiel skep en dit aan die profiele van vriende en familie koppel. Daarna kan jy stories, nuus en foto's hierop met mekaar deel. Hiervoor het jy 'n selfoon of 'n rekenaar nodig.

3 Ek leef op sosiale netwerke, want ek kry nie tyd om by my vriende te kuier nie. By die skool kry ek twee pouses: een wat vyftien minute duur en die ander een wat 'n halfuur lank is. Dit is nie die beste tyd om met my maats te gesels nie, want ek gebruik gewoonlik dié tyd om my tuiswerk vir die volgende paar klasperiodes te doen. Dit is onmoontlik om alles na skool te doen.

4 Wat doen ek in die tyd as ek ná skool by die huis is? Ek bly in verbinding met ander tieners met behulp van gratis sosiale netwerke soos Twitter en Facebook. Ek gebruik ook die Internet om inligting te kry vir die duisende projekte wat ons vir assessering moet doen!

5 Net soos 'n kort teksboodskap (of sms) deur middel van 'n selfoon gestuur kan word, is Twitter die sms van die Internet. Hiermee kan enige gebruiker boodskappe, bekend as tweets, stuur, ontvang en lees. Twitter is nie net 'n sosiale netwerk nie, maar ook 'n inligtingsnetwerk. Mense gebruik dit om inligting met mekaar te deel oor wat in die wêreld gebeur.

| | |
|---|---|
| 6 | Facebook is die wêreld se grootste sosiale netwerk en is in meer as twintig tale beskikbaar. Al wat nodig is om Facebook te gebruik, is om te registreer en 'n persoonlike profiel op te stel. Daarna kan jy met ander mense kennis maak en boodskappe stuur en ontvang, speletjies speel of nuusartikels lees. |
| 7 | Ek skep die beeld op my Facebook dat ek 'n fantastiese lewe lei: elke vakansie is wonderlik en ek en my kêrel is smoorverlief op mekaar. In die werklikheid is die "vakansie" op die Facebook-foto eintlik net 'n rit saam met my ma Checkers toe en terug! My "kêrel" is 'n sokkerspeler in die skoolspan wat nie eers weet ek bestaan nie. |
| 8 | Dit is moontlik om gemeenskappe (groepe) op Facebook te vorm. Só, byvoorbeeld, is ek deel van 'n groep tieners op Facebook. Ons raak met verloop van tyd geheg aan mekaar. My tienermaats weet hoe ek as tiener voel en kan met my simpatiseer. Hulle klink nie soos 'n onderwyser wat my probeer oortuig dat die wiskunde-tuiswerk van 20 bladsye "eintlik nie so baie" is nie. Onderwysers, ouers en ander volwassenes is nie meer die enigste bronne van kennis nie. Met sosiale netwerke leer ek ook by my portuurgroep. Ek ontvang inligting van ander tieners en beantwoord ook hulle vrae. |
| 9 | Ek bring baie tyd op die Internet deur. Dis nie net omdat ek sosiale netwerke gebruik nie. Dis ook die plek waar ek meer kan uitvind oor alles wat vir mý belangrik is. Dit is opvoedkundig en gee my toegang tot nuttige inligting wat met my tuiswerk of toetsvoorbereiding help. Boonop kan ek hierdie inligting blitsvinnig kry. |
| 10 | Ouers se bloed kook altyd as tieners die hele tyd op hul selfone of rekenaars besig is, maar ouers moet besef dat kommunikasiemiddele ontwikkel het. As 'n mens mooi daaroor dink, doen ons niks anders as wat ons ouers as tieners gedoen het nie – ons gebruik net ander metodes. Hulle het as tieners ook gereeld hulle vriende gebel en vir hulle briefies gestuur. Moderne tegnologie maak kommunikasie net baie makliker en vinniger. Ouers moet dus versigtig wees om tegnologie sommer so vinnig te veroordeel net omdat hulle dit nie verstaan nie. |
| | [Verwerk uit: http://www.jip.co.za en http://www.sarie.com] |

1.1 Haal 'n woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat Shireen nie uniek is nie. (1)

1.2 Wanneer raak Shireen se ouers bekommerd? (Paragraaf 1) (1)

1.3 Waarom is dit baie gepas dat die programme **sosiale** netwerke genoem word? (1)

1.4 Som die TWEE redes in paragraaf 4 op waarvoor Shireen sosiale netwerke en die Internet gebruik. (2)

1.5 Verwys na paragraaf 4.

1.5.1 Watter TWEE sosiale netwerke is gewild by tieners? (2)

1.5.2 Hoekom sal tieners liewers deur middel van sosiale netwerke met mekaar kommunikeer, as om mekaar te bel? (1)

1.6 Waarom, dink jy, is dit 'n goeie idee dat Facebook in verskillende tale beskikbaar is? (1)

1.7 Facebook is net 'n program om boodskappe te stuur en te ontvang.

Gee TWEE redes hoekom dié stelling ONWAAR is. (2)

1.8 Hoe kan mense Facebook NEGATIEF gebruik? Verwys na paragraaf 7. (1)

1.9 Waarom word die woord "kêrel" (paragraaf 7) tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

1.10 Hoe verskil die onderwyser en Shireen se vriende ten opsigte van wiskunde-tuiswerk van 20 bladsye? (2)

1.11 "Onderwysers, ouers en volwassenes is nie meer die enigste bronne van kennis nie." (Paragraaf 8)

Wat impliseer die woorde "nie meer ... nie"? (1)

1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.12 E.

In paragraaf 8 verwys die woord "portuurgroep" na ...

A onderwysers.
B ouers.
C tieners.
D ander volwassenes. (1)

1.13 Hoe word ouers ten opsigte van tegnologie in paragraaf 10 gestereotipeer? (1)

1.14 Watter kernboodskap wil Shireen in paragraaf 10 oordra? (1)

1.15 Noem TWEE maniere waarop ouers in die verlede met hulle vriende kontak gemaak het. (2)

1.16 Waarom, dink jy, fokus Shireen meestal op die **positiewe** kant van die gebruik van sosiale netwerke op die Internet? (1)

1.17 Watter waarde kan hierdie artikel vir ouers hê? (1)


1.18 Wat is die funksie van die prent? (1)

**TEKS B: PERSENTASIE UITSAAITYD OP SUID-AFRIKAANSE TELEVISIE**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Verskillende tale en genres kry 'n sekere persentasie uitsaaityd per week op Suid-Afrikaanse televisie.

## PERSENTASIE UITSAAITYD IN VERSKILLENDE *TALE*




## PERSENTASIE UITSAAITYD VOLGENS *GENRE*

| | |
|---|---|
| **Sepie** | **16** |
| **Opvoedkundig** | **12** |
| **Drama** | **9** |
| **Nuus** | **7** |
| **Sport** | **5** |
| **Fliek** | **5** |
| **Advertensie** | **2** |

[Verwerk uit: www.grafika24.com]

1.19 Watter taal kry die meeste uitsaaityd op Suid-Afrikaanse televisie? (1)

1.20 Waarom is die sirkeltjie onder Venda groter as die een onder Swazi? (1)

1.21 Dink jy Afrikaanssprekendes het rede om te kla oor die uitsaaityd in Afrikaans? Motiveer jou antwoord. (1)

1.22 Waarom, dink jy, het Ndebele geen uitsaaityd nie? (1)

1.23 Gebaretaal kry geen uitsaaityd nie.
Hoe kan hierdie feit gehoorgestremdes laat voel? (1)

1.24 Kyk na persentasie uitsaaityd volgens **genre**.
Waarom verskyn die verskillende genres in hierdie spesifieke orde? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## TEKS 5

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die artikel hieronder deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

### EK IS RYK, MAAR SONDER VRIENDE

Samantha Luiz

**Die skepper van die speletjie, *Minecraft*, het sy besigheid vir R30 biljoen verkoop, maar voel deesdae eensamer as ooit in sy lewe.**



1 Die meeste mense sê Markus Persson kla met die witbrood onder die arm, sommer 'n klomp witbrode onder die arm. Hy het mos in September 2014 'n enorme bedrag van Microsoft gekry. Hy het R30 biljoen in sy sak gesteek.

2 Sy "kasteelhuis" van R945 miljoen het agt slaapkamers, 15 badkamers en 'n motorhuis vir 16 motors. Daar is selfs 'n groot muur vol lekkergoedhouers waaruit sy gaste tydens wilde partytjies hulself kan help. Dis mos die lewe!

3 Tog lyk dit nie of geld vir die skepper van die gewilde speletjie, *Minecraft*, geluk of gesonde verstand kan koop nie. Markus "Notch" Persson het tydens 'n vakansie op die eiland Ibiza getwiet sy rykdom maak hom nie gelukkiger nie en hy voel ongemotiveerd.

4 "Die probleem as jy alles het, is dat jy later geen rede meer het om iets nuuts te wil doen nie. En omdat jy so baie het, raak jou regte vriende minder," het hy aan sy 2,5 miljoen "vriende" op sosiale media verklaar. "Ek hang maar net uit op Ibiza saam met 'n klomp mense en kuier saam met beroemdes. Ek kan doen net wat ek wil. Tog het ek nog nooit so eensaam gevoel nie," kla hy in nog 'n twiet. Tuis in Swede sit hy dikwels en staar na sy eie weerkaatsing in die rekenaarmonitor terwyl hy wag dat ander mense klaar werk.

5 Toe die mense gesê het Markus (36) is 'n klakous, het hy teruggekap: "Aan die mense met regte probleme: ek is jammer vir julle dat 'n skatryk programmeerder meer aandag as julle kry. Staan sterk." Hy het ook die nuusmense gekritiseer: "Julle klomp nuuskierige nuushonde snuffel op Twitter en maak dan stories op."

6 Markus was nie altyd skatryk nie en sy kinderjare in Stockholm, Swede, was ook nie baie gelukkig nie. Sy pa, Birger Persson, was 'n dwelmslaaf wat selfmoord gepleeg het deur homself kort voor Kersfees 2011 in die kop te skiet. Markus se kleinsus, Anna, was ook aan dwelms verslaaf en het as tiener van die huis af weggeloop.

7 Markus se pa het vir hom 'n Commodore 128-rekenaar gekoop toe hy net sewe jaar oud was. Sy hardwerkende ma, Ritva, het sy belangstelling in rekenaars aangemoedig. Hy het gou 'n talent vir kodering getoon en sy eerste rekenaarspeletjie ontwikkel toe hy agt jaar oud was.

8 Op skool het die skaam seun gesukkel om vriende te maak. En toe sy ouers skei toe hy 12 was, het hy al hoe meer voor die rekenaar gesit. Ritva vertel dat hy soms gemaak het asof hy maagpyn het – net om nie skool toe te gaan nie.

9 Maar die ure voor die rekenaar was nie verniet nie. In 2009 het hy die wêreld aan *Minecraft* bekendgestel. Dié speletjie is al op meer as 100 miljoen rekenaars en ander toestelle afgelaai.

10 Markus het 'n liefde vir die duur dinge in die lewe ontwikkel. Hy het in 2012 sy hele personeel vir drie dae in Monte Carlo bederf. Die personeel is in privaat stralers en sportmotors vervoer en het sjampanje op 'n groot seiljag gedrink en bonusse van ongeveer R40 miljoen ontvang!

11 Ongelukkig het baie geld Markus ook nie gehelp om liefde te vind nie. "Ek het 'n wonderlike vrou ontmoet, maar sy was bang vir my en my leefstyl en het toe liewer 'n normale mens gekies," het hy getwiet. Markus was voorheen getroud, maar die huwelik het net 'n jaar gehou.

12 Sy speletjies verskaf dalk vreugde aan miljoene mense wêreldwyd, maar die *Minecraft*-man is glad nie gelukkig nie.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 24 September 2015]

1.1 Na wie verwys "ek" in die opskrif van die artikel? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.2 E.

Die uitdrukking "kla met die witbrood onder die arm" beteken dat jy kla as ...

A jy altyd net witbrood kry om te eet.
B jy witbrood sonder 'n sakkie moet dra.
C dit finansieel beter met ander mense as met jou gaan.
D dit finansieel beter met jou as met ander mense gaan. (1)

1.3 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE in paragraaf 1 dui aan dat Markus Persson baie geld gekry het? (1)

1.4 "Sy 'kasteelhuis' van R945 miljoen het agt slaapkamers ..." (Paragraaf 2)

1.4.1 Word die woord "kasteel" in "kasteelhuis" denotatief of konnotatief gebruik? (1)

1.4.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 1.4.1. (1)

1.5 "Dis mos die lewe!" (Paragraaf 2)

1.5.1 Wie se mening word hier gegee? (1)

1.5.2 Verduidelik die IRONIE in hierdie woorde. Verwys eers na die betekenis van "Dis mos die lewe!" en dan na Markus se lewe. (2)

1.6 Watter probleem het iemand soos Markus met vriende? (Paragraaf 4) (1)

1.7 Hoe laat die feit dat Markus se vriende bedags werk, hom voel? (1)

1.8 Wat beteken dit as Markus 'n "klakous" genoem word? (Paragraaf 5) (1)

1.9 Waaroor kritiseer Markus Persson die joernaliste van nuuswebtuistes? (Paragraaf 5) (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.10) en die antwoord neer.

Die woord (nuuskierige/snuffel) versterk die negatiewe houding wat Markus Persson teenoor joernaliste het. (Paragraaf 5) (1)

1.11 Noem TWEE dinge wat Markus se pa gedoen het wat Markus ongelukkig gemaak het. (2)

1.12 Waaruit kan ons aflei dat Markus se suster waarskynlik ook ongelukkig in hulle ouerhuis was? (1)

1.13 Hoe het die volgende mense tot Markus se sukses bygedra:

1.13.1 Markus se pa (1)

1.13.2 Markus se ma (1)

1.14 Markus het op skool gesukkel om maats te maak.

Watter karaktereienskap van Markus was moontlik die rede hiervoor? Haal EEN woord uit paragraaf 8 as antwoord aan. (1)

1.15 Markus is 'n mens wat maklik gee.

Motiveer hierdie stelling met TWEE voorbeelde uit die teks. (2)

1.16 Idioom A en B hieronder verwys na GELD.

A. Geld wat stom is, maak reg wat krom is.

B. Hy maak geld soos bossies.

1.16.1 Met watter idioom sal Markus dalk NIE saamstem NIE? (1)

1.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 "EK IS RYK, MAAR SONDER VRIENDE" (titel)

Watter paragraaf, dink jy, verduidelik die titel die beste? Skryf net die vraagnommer (1.17) en die antwoord (1–12) neer, byvoorbeeld 1.17 13. (1)

**SPOTPRENT: OM SKOTTELGOED TE WAS, IS GOED VIR STRES**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**




[Verwerk uit *Die Burger*, 8 Oktober 2015]

1.18 Na wie verwys "julle drietjies"? (1)

1.19 Voltooi die volgende sin: Die seuntjie is ... vir sy suster. (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.20) en die antwoord neer.

'n Vrou word hier voorgestel as iemand met 'n voorskoot aan wat 'n wasbak vol skottelgoed moet was. Dit is 'n voorbeeld van (partydigheid/stereotipering). (1)

1.21 Die spotprent beeld konflik aan tafel uit.

1.21.1 Wie, dink jy, het die konflik aan tafel begin? (1)

1.21.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.21.1. (1)

1.22 Stem jy saam dat om skottelgoed te was, goed vir gesinsverhoudings is? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## TEKS 6

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**ENIGE BOBBEJAAN KAN ROOK!**

1 Rook is gevaarlik vir enige mens. Miskien sal daar nog 'n tyd kom wanneer mense sal terugkyk en dink: hoe is dit moontlik dat miljoene mense, terwyl hulle weet van al die gevare, hulle graf met 'n brandende stukkie twak tussen hul lippe gegrawe het.



2 In tabakrook, waarmee baie mense hul longe so heerlik besoedel, kruip daar verskillende en baie ernstige gevare weg. Een daarvan is die baie bekende nikotien, 'n giftige, vloeibare stimulant wat in tabakblare voorkom.

3 Baie mense weet dit nie, maar nikotien is na 'n persoon vernoem. Hy was Jean Nicot de Villemain (1530–1600), 'n Franse diplomaat en die eerste mens wat tabak in Frankryk ingevoer het. Tabak is uit die Amerikas na Europa gebring ná die ontdekking van die nuwe wêreld deur Christopher Columbus.

4 Na moderne medici tabakrook met longkanker, hartsiektes, chroniese brongitis, emfiseem en ander siektes verbind het, is intensiewe veldtogte in baie lande begin om die gebruik van tabak te verminder. Dit het ook in Suid-Afrika gebeur.

5 In Julie 2000 het 'n Amerikaanse jurie skadevergoeding van $145 miljard toegestaan in 'n eissaak teen vyf tabakfirmas en twee navorsingsorganisasies. Daar is bevind dat meer as 500 000 rokers in die Amerikaanse staat Florida weens hul rookgewoonte aan hartsiekte, longkanker en ander siektes gely het. Die stryd teen rook is regtig aan die brand!

6 Maar wat is daar alles in rook wat dit so lewensgevaarlik maak? As sigaret- en pyprook vergelyk word, is die dampe wat 'n brandende sigaret afgee en deur die roker ingeasem word, die gevaarlikste. Pyprokers is baie meer vatbaar as nierokers vir lip-, tong-, mond- en keelkanker.

7 Tieners wat rook, is drie keer meer geneig as nierokers om alkohol te gebruik en agt keer meer geneig tot daggarokery.

8 Rook het nie net 'n slegte uitwerking op die gesondheid nie, maar kan ook sielkundige probleme, soos depressie, by jong mense veroorsaak.

9 Navorsers sê hoërskoolleerlinge wat gereëlde rokers is en vroeg-vroeg begin rook het, is:

- 2,4 keer meer geneig tot siektes as hul nierokende vriende;
- 2,4 tot 2,7 keer meer geneig om slym of bloed te hoes, kortasem te wees terwyl hulle nie oefening doen nie en aamborstig te wees of te hyg;
- 3,0 keer meer geneig om 'n sielkundige te spreek weens 'n emosionele of sielkundige probleem.

10 In Suid-Afrika se Wysigingswet op Tabakbeheer (Wet 12 van 1999) staan dat daar nie meer in openbare plekke gerook mag word nie. Dit sluit bioskope, winkelsentrums, busse, lughawens, werkplekke, ensovoorts in.

11 Almal kan nou 'n skoner omgewing geniet. Die dampe wat 'n mens laat hoes tot jou oë traan, is verby. Rokers mag net in spesiale rookkamers rook waar hulle nie langer die nierokers met hul rook kan irriteer nie.

12 Alle mense moet nou oorreed word dat rook sommer twak is.

13 Maar 'n nuwe soort sigaret het nou op die mark verskyn: die e-sigaret. E-sigarette bevat slegs 60% nikotien van 'n tradisionele sigaret wat wel die verslawing aan sigarette kan verminder.

14 Verskeie studies het gewys dat die gasse van 'n e-sigaret kanker kan veroorsaak. Die gasse wat jy inasem, het baie klein partikels soos tin, chroom, nikkel en ander swaar metale in wat 'n mens se longe kan beskadig. Omdat hierdie deeltjies so klein is, kan dit diep in die longe ingeasem word. Dit kan asma, brongitis en inflammasie van die longe vererger.

15 Een roker het gesê dat sy tong na 2 jaar se rook swart geword het. 'n Ander roker vertel dat 'n sigaret in sy mond ontplof het en hy moes verskeie operasies in sy mond ondergaan.

16 Mense wat ook in die geselskap van e-rokers is, kan ook allergiese probleme ontwikkel as gevolg van tweederangse rookinaseming. Hierdie allergieë is gewoonlik asma of kortasem.

17 Dit maak daarom nie saak wat jy rook nie, of dit sigarette of e-sigarette is, dit is sleg vir jou gesondheid.

[Aangepas uit: http://www.mieliestronk.com/rookgevaar.html
http://www.scientificamerican.com/article/smoke-screen-are-e-cigarettes-safe/]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

Vloei•baar: flu•ï•di•teit' s.nw. Toestand van vloeibaar, onvas te wees, vloeibaarheid.

Eis•saak s.nw. 'n Hofsaak waar jy iets eis, soos bv. geld wat jou toekom; 'n eis instel vir skadevoergoeding.

Na•vor•sings•or•ga•ni•sa•sie s.nw. 'n Plek waar navorsing gedoen word. 'n Ondersoek om nuwe feite te vind.

Aam•bors•tig b.nw. (med) Met slym op die bors. Die aamborstige kind hoes heeldag.

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Haal DRIE agtereenvolgende woorde in paragraaf 1 aan wat na 'n sigaret verwys. | (1) |
| 1.2 | Watter giftige middel kom in sigarette voor? | (1) |
| 1.3 | Wie was die persoon wat tabak aan Europa bekend gestel het? | (1) |
| 1.4 | Hoe beïnvloed rook 'n mens se gesondheid? Noem TWEE dinge. | (2) |
| 1.5 | Waar, dink jy, is die nuwe wêreld? (paragraaf 3) | (1) |
| 1.6 | Verduidelik die volgende uitdrukking:<br>*Die stryd teen rook is regtig <u>aan die brand</u>!* | (1) |
| 1.7 | Watter probleme kan deur pyprook veroorsaak word? Noem slegs EEN probleem. | (1) |
| 1.8 | *Pyprook is minder gevaarlik as sigaretrook.*<br>Haal 'n deel van 'n sin aan om die stelling te bewys. | (1) |
| 1.9 | Hoekom, dink jy, kan tieners meer geneig wees <u>om aan te hou</u> alkohol te misbruik en dagga te rook? | (2) |
| 1.10 | *Rook gee 'n mens net gesondheidsprobleme.* | |
| | 1.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? | |
| | 1.10.2 Haal 'n deel van 'n sin aan om jou standpunt te motiveer. | (1) |
| 1.11 | Noem EEN gevaar wat daar is as 'n mens te vroeg begin rook. | (1) |
| 1.12 | Hoe, dink jy, probeer die skrywer jou siening oor rook beïnvloed? | (2) |
| 1.13 | Waarvoor staan *e-* in *e-sigaret*? | (1) |
| 1.14 | Verduidelik in 'n volsin hoekom dit sleg vir jou vriende se gesondheid is, as hulle naby jou staan wanneer jy rook. | (1) |
| 1.15 | Verduidelik hoekom e-sigarette minder verslawend as gewone sigarette is. | (1) |
| 1.16 | Verduidelik die onderstreepte uitdrukking in die volgende sin **in jou eie woorde**.<br>*Alle mense moet nou oorreed word <u>dat rook sommer twak is</u>.* | (2) |
| 1.17 | 1.17.1 Word die uitdrukking in die titel, *Enige bobbejaan kan rook*, LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? | (1) |
| | 1.17.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. | (2) |

Lees die onderstaande resensie goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**WHEN A STRANGER CALLS**

Riller. 16 (GT)
Met: Carol Kane
Regie: Zanie Kruger
☆☆☆☆

**Hoe het dit in Amerika gevaar?** Dit het $15 miljoen gekos om te maak en amper $50 miljoen by die teaterloket ingebring. Die fliek sal binnekort in Suid-Afrika vertoon word.



**Waaroor gaan die film?** 'n Baba-oppasser pas twee kinders op 'n afgeleë plaas op. Sy word ure lank deur 'n psigopaat oor die telefoon geterroriseer. Die huis is vreeslik groot en daar is baie plek vir 'n moordenaar om weg te kruip.

**Grilvrate** moenie hierdie fliek misloop nie! Neem jou beste vriend saam as jy na hierdie fliek gaan kyk. Sluit maar jou voordeur met 2 slotte en ook jou slaapkamerdeur voordat jy gaan slaap.

**Wie sal nie hiervan hou nie?** Bly jy alleen? Loer jy altyd in die aand in al die kaste en onder die bed voor jy gaan slaap? Dan moet jy liewer nie die film gaan sien nie!

1.18 Wie speel die hoofrol in hierdie film? (1)

1.19 Kies die korrekte antwoord vir die volgende woord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter as jou antwoord neer bv. 1.19 E.

Grilvrate is mense wat ...

A daarvan hou om te gril.
B vrate is en baie eet.
C gereeld van idees verander.
D van aaklige dinge hou. (1)

1.20 Waarom, dink jy, loer mense onder hulle beddens wanneer hulle gaan slaap? (1)

1.21 Hoe weet jy dat die film baie goed is? (1)

1.22 Hoe weet ons dat die skelm nie by die baba-oppasser is nie? (1)

1.23 Haal EEN woord aan wat vir ons sê dat die plaas ver weg van ander plekke of mense is. (1)

1.24 Hoekom sal die film, *When a Stranger Calls,* 'n fliekganger bang maak? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## TEKS 7

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**BIETJIE EKSTRA AANDAG**

1 ***Ek gee nooit vir my klas die korrekte antwoord nie," sê David de Storie, wat onlangs die Stella Clark-onderwysprys van die Universiteit van Kaapstad ontvang het.***

2 Om 07:15 elke oggend is David de Storie se Fisiese Wetenskapsklas reeds 'n geroesemoes van stemme omdat kinders wat hulle akademie ernstig opvat daar veilig voel. Hierdie groep spandeer meer tyd aan hulle werk as die gemiddelde skoolleerder. Die kinders sit voor skool en pouses in sy klas en verduidelik vir mekaar die werk waarmee hulle sukkel. Hulle gaan vra daarna vir hom indien hulle nie antwoorde vir probleme kon vind nie. Die kinders in sy klas wil vir hom werk en google saans op hul selfone om reeds die volgende dag se werk na te gaan.

3 "Tegnies is hulle nie almal in my klas nie, maar hulle kom vir hulp," sê De Storie. Volgens hom is die grootste fout wat 'n onderwyser kan maak is om die kinders, wat voor jou in 'n klas sit, te onderskat.

4 Yameen Motala (19) het De Storie vir die prys benoem al was hy nie eens in sy klas nie. Yameen was een van die leerders wat elke vrye tyd van die skooldag in sy klas gaan sit en ekstra werk gedoen het en ook ander leerlinge gehelp het. Na 'n lang onderhoud met De Storie, wat nie eers van die benoeming bewus was nie, het Yameen 'n opstel oor sy mentor geskryf. Volgens Yameen het De Storie sy lewe verander.

5 Anika Marais, 'n joernalis, het 'n skooldag in De Storie se klas gaan sit en skryf die volgende oor hom:

6 "*Maya het 15 minute laat in die klas ingestap. De Storie het omgekyk en gesê: 'Welkom, sit en haal jou boeke uit. Ons is besig om empiriese formules te oefen.' Hy't nie geskree of die kind in verleentheid gebring nie. De Storie trek fluweelhandskoene aan as hy met sy leerders werk, want hy weet hoe maklik 'n onderwyser 'n kind se toekoms kan maak of breek.

7 Terwyl die kinders somme oefen, loop hy op en af deur die klas en help waar hy kan. Hy ken die kinders. By party se tafels bly hy langer en by andere loer hy net oor hulle skouer. Ander stuur hy subtiel in 'n ander rigting. Hy gee nooit doelbewus die klas die regte antwoorde nie. Hy laat hulle die werk vir mekaar verduidelik. As hulle nie self 'n antwoord kan kry nie, sal hulle nooit onthou nie.

8 Reeds in matriek het sy skoolhoof aanbeveel dat hy 'n onderwyser moet word, maar hy het net gelag en gesê dat hy heeltemal te kort is en dat hy nooit vir die lang skoolseuns sal kan klasgee nie, want hulle sal hom nie kan raaksien nie!

9 De Storie het later as 'n tweedejaar B.Sc.-student by die Primêre Skool Kleinberg, toe 'n onderwyser siek was, afgelos. 'n Skoolinspekteur het by hom besoek afgelê en aanbeveel dat hy 'n onderwyser moet word. Twee dae na die besoek het die inspekteur self gereël dat De Storie by die Hewitt-onderwyskollege in Athlone as student ingeskryf word. Toe hy later by Harold Cressy Hoërskool in die Kaapse middestad begin het, het die meeste van die leerlinge Fisiese Wetenskap gedruip. Drie maande later het 96% van die klas die eindeksamen geslaag.

10 Hulle het elke middag ná skool én op Saterdae en Sondae klas gegee. Die kinders het die werk vir mekaar verduidelik en so is die wa deur die drif getrek.

11 De Storie is baie nederig. Volgens hom kan en wil hy nie vir ander onderwysers sê hoe om klas te gee nie, sy metode werk vir hom en vir sy leerlinge. Hy reken hy is maar net 'n onderwyser gebore – tot sy eie kinders se frustrasie. Hulle sê altyd spottenderwys vir hom: "Ag moenie nou al weer soos 'n onderwyser klink as Pa met ons praat nie!"

[Bron: Verwerk uit *BIETJIE EKSTRA AANDAG*, *Die Burger*, p17, 23 September 2015]

1.1 Watter instelling het die onderwysprys aan David de Storie toegeken? (1)

1.2 **Al die kinders wat in De Storie se klas sit en werk is nie sy leerders nie.**

Haal 'n sin aan om bogenoemde stelling te motiveer. (1)

1.3 Watter prys het De Storie ontvang? (1)

1.4 Wat, dink jy, beteken ***'n geroesemoes van stemme***? (paragraaf 2) Beantwoord in 'n VOLSIN. (1)

1.5 Hoekom het al die kinders in De Storie se klas gaan sit en werk? (paragraaf 2) (1)

1.6 Hoekom het Yameen De Storie as sy mentor gesien? (1)

1.7 1.7.1 Het die volgende uitdrukking 'n denotatiewe of 'n konnotatiewe betekenis?

**"De Storie trek fluweelhandskoene aan."** (paragraaf 6) (1)

1.7.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.7.1.

1.8 Wat moes Yameen doen om De Storie vir die toekenning aan te beveel? (1)

1.9 Waar het De Storie sy onderwysopleiding voltooi? (1)

1.10 Hoe lank het dit vir De Storie geneem om sy graad 12's op standaard te bring? (1)

1.11 Hoekom, dink jy, het Anika Marais vir 'n dag in De Storie se klas gaan sit? (1)

1.12 1.12.1 Stem jy saam met die volgende stelling? Ja of Nee.

**Ander onderwysers kan by De Storie se onderrigmetode leer.**

1.12.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.12.1. (2)

1.13 Watter graadkursus het De Storie eers gestudeer? (1)

1.14 Hoekom wou De Storie nie 'n onderwyser word toe hy nog op skool was nie? (1)

1.15 Watter vak onderrig De Storie? (1)

1.16 1.16.1 Word die volgende stelling LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik?

**"So is die wa deur die drif getrek."** (1)


1.16.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 Hoe voel jy oor De Storie se onderrigmetode dat hy nooit vir die kinders in sy klas die korrekte antwoord gee nie? **Motiveer** jou opinie. (2)

1.18 Watter bywoord in die laaste reël van paragraaf 11 sê vir ons dat die kinders daarvan hou om grappies met hulle pa te maak? (1)

1.19 Pas die titel by die inhoud van die leesstuk? Ja of Nee.

Motiveer jou keuse in 'n volsin. (1)




| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | Hoekom is 'n kamera deel van die Instagram-logo? | (1) |
| 1.21 | Rangskik die volgende sosiale-media-netwerke van die minste tot die meeste verbruikers: | (1) |
| | A Twitter<br>B Mxit<br>C Linkedin | (1) |
| 1.22 | Hoekom is Instagram en Mxit se blokkies dieselfde grootte? | (1) |
| 1.23 | Kies die antwoord tussen hakies wat nie korrek is nie. Skryf net die vraagnommer (1.23) en die antwoord neer. | (1) |
| | Die mense *tweet* op *Twitter*, want hulle (gee hulle opinie / praat op sosiale netwerk / praat net met hulle vriende). | (1) |
| 1.24 | Hoekom, dink jy, gebruik Twitter 'n voëltjie as hulle logo? | (1) |
| 1.25 | Watter land se maandelikse aktiewe verbruikers se statistiek word hierbo gegee? | (1) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**